# Honderde vlug beangs na SA

Die Burger 2/5/91

## Mosambiekse grensdorp bestook

**Van Ons Korrespondent**

**JOHANNESBURG. – Honderde vreesbevange inwoners van Ressano Garcia in Mosambiek het eergisteraand 'n deel van die geëlektrifiseerde grensheining en lemmetjiesdraad by die Lebombo-grenspos platgeloop in 'n stormloop om Suid-Afrikaanse grondgebied en veiligheid te bereik ná 'n groot aanval deur Renamo-rebelle op dié grensdorp.**

Lede van die Weermag het net betyds die krag afgeskakel en die hek by die grenspos oopgegooi om te voorkom dat talle van die byna drieduisend voortvlugtendes moontlik sterf.

Ressano Garcia, 'n klein dorpie aan die Mosambiekse grens met Suid-Afrika, is eergisteraand omstreeks elfuur deur twee groepe van altesame sowat 160 Renamo-rebelle aangeval.

Volgens 'n woordvoerder van AIM, die Mosambiekse staatnuusagentskap, het veertig mense in 'n reën van mortierbomme, RPG-projektiele en masjiengeweervuur gesterf. Vlugtelinge het egter vertel dat net drie inwoners in die aanval dood is.

Volgens 'n woordvoerder van die Polisie op Komatipoort, waar die skote en ontploffings duidelik gehoor kon word, het lede van die Weermag onmiddellik die kragtoevoer na die heining afgeskakel.

Hulle het ook die grenshek by die Lebombo-grenspos oopgemaak.

Ondanks die maatreëls het 'n deel van die heining in die slag gebly toe die honderde vlugtelinge nie vinnig genoeg deur die hek kon kom nie. Uiteindelik het meer as 2 722 vlugtelinge oor die grens gestroom. Die meeste was vroue en kinders.

Hulle is gekalmeer, in groepe verdeel en uit vrees vir nog aanvalle so gou moontlik met voertuie na 'n versamelplek sowat 2 km van die grens af gebring.

Polisiemanne en mediese ordonnanse van die Weermag het meer as sestig mense behandel.

Twaalf is na die Shongwe-Hospitaal in KaNgwane gebring.

Volgens AIM het die Renamo-rebelle die dorpie geplunder en huise aan die brand gesteek. Hulle is egter deur Frelimo-regeringsmagte verdryf. Twee rebelle is doodgeskiet, beweer AIM.